DIE KAAPSE KABARET

Kaapse slawestories met Kaapse liedjies.

Met Charlene Truter, Niël Rademan, Zenobia Kloppers en Rika Vermeulen
Regie deur Juanita Swanepoel

60 MIN
R65

Wo. 28 Jan. @ 19:30
Vr. 30 Jan. @ 21:30
Sa. 31 Jan. @ 16:00
So. 1 Feb. @ 10:30

DIE BURGER SUIDOOSTERFEES
CITY OF CAPE TOWN – STAD KAAPSTAD – ISIXEKO SASEKAPA

7 Jan - 1 Feb 2009
Bespreek vroegtydig om teleurstelling te voorkom
Computicket / Dial-a-seat
083 915 8000 / 021 421 7695

ARTSCAPE

Paarl Post
Thursday 17 July 2008

Van Boereseun tot Brel by Breytenbach

VAN Boereseun tot Brel, met Ollie Viljoen en Niël Rademan, is op 2 Augustus om 20:00 by die Breytenbach-sentrum in Wellington op die planke.

Kaartjies is R80.

Danie Bosman, gebore 7 Februarie 1907 in Kaapstad, sou sonder twyfel in sy kortstondige lewe van 39 jaar een van die grootste komponiste en liriekskrywers in die geskiedenis van Afrikaanse musiek word.

Sy asemrowende musiek en lirieke leef jare na sy dood (1946) nog voort.

Jacques Brel, gebore in België in 1929, verloor in 1978 sy stryd teen kanker.

Hy word beskou as 'n moderne troebadoer in die Franse taal – 'n digter, sanger en komponis met onmeetbare passie.

Sy lewe was, ten spyte van sy eiesinnigheid en rebelsheid, een groot avontuur.

Sy musiek vertel stories van landskappe, suksesse, verhale van vriendskappe, drome, illusies, ontnugterings en pyn.

Om (onderskeidelik 62 en 30 jaar na hulle dood) hierdie mense se werk te eer en hulle musiek te laat leef, doen die bekroonde akkordeonspeler.

Ollie Viljoen en klavier-en-sangsensasie, Niël Rademan, 'n sensitiewe vertolking van Afrikaanse volksmusiek en Europese chansons in *Boereseun tot Brel*.

Bespreek by 021-873-2786.



KLANKE. Ollie Viljoen en Niël Rademan tree op in *Van Boereseun tot Brel* op 2 Augustus in die Breytenbach-sentrum op Wellington.

kuns-kiepersol | jackie kruger

Boereseun tot Brel

Ollie Viljoen en Niël Rademan het Saterdagaand opgetree met hul vertolkings van Afrikaanse volksmusiek en Europese chansons in *Boereseun tot Brel* in die Dasjesdrift-teaterhuis op die plaas Dasjesdrift buite Heidelberg.

Niël Rademan. Foto: VERSKAF

Op 'n koue aand, op pad na die Dasjesdrift-teaterhuis terwyl die grondpad voor ons in die donker kronkel, kan ek nie anders as om te dink dat Jacques Brel én Danie Bosman, vader van die lied "Boereseun", van dié oënskynlik stil, verlate landskap sou hou nie.

Dis plaaswêreld dié, waar dinge gestroop is tot die noodsaaklike, maar met die nodige flair soos die flambojante teaterhuis – net soos die troebadoers daarvan sou hou.

Op die stoep van die teaterhuis (sy eie wat hy bestuur) groet Niël almal met die hand, sy ma en kleinsus byderhand. Daar wag 'n glasie sjerrie op ons. Binne staan Ollie Viljoen, swart leerpet op die kop. Hy skud ook blad.

Die teater is klein en intiem. Gordyne van dieprooi fluweel hang voor die vensters en blink kostuums pryk teen die mure.

Ollie stap op die verhoog, skink 'n glasie rooi wyn, kry sy sit met sy trekklavier. Niël skuif voor die klawers in en ons reis tussen Afrikaanse volksmusiek en Europese chansons begin.

Afrikaans is deur die aand vervleg en gaan maak 'n hele paar Kaapse draaie in Europa. Van verwysings na Hennie Aucamp en kabaret, Flippie van Vuuren (wat onder meer die melodika en trekklavier gelyktydig kan speel) tot musiek van die eerste ware jazzpianis, Jan Pohl, en die "Helena-tango" van Nico Carstens.

Brel se musiek word ook uitgevoer, spesiaal vir diegene in die gehoor wat van kabaretmusiek hou.

Niël vertel Brel se passie was ou mense, vroue en die liefde. Die ouer garde in die gehoor tik met die voet op die maat van die musiek, 'n man hou sy vrou se hand vas en glimlag in haar oë.

Soos Brel beskik Niël, met die nostalgiese klanke van die trekklavier op die agtergrond, oor die vermoë om die tyd te laat stilstaan, jou tot trane te sing en tagtigjariges weer te laat verlief raak. Die klanke klink op uit die pensklavier (soos Niël dit noem) en Ollie, soos 'n wafferse "akkordeonis", wys waarom hy een van ons heel bestes is.

In "Her Home Smells of Time" vertel Niël hoe Brel 'n ou tannie se huis beleef het.

Sy eie ouma is in 'n ouetehuis, vertel hy, en hier is 'n tannie wat sê haar hande is koud omdat sy besig is om dood te gaan.

Soos Brel blyk hy ook 'n fyn waarnemer van die menslike toestand te wees (soos iemand een keer geskryf het), van lewe en dood, sonder sentiment of vooroordele.

Die vertoning is klaar en as jy mooi kyk, kan jy byna sien hoe Brel (of is dit Bosman?) skuins agter die klavier staan en tevrede hande klap.

Met die klanke van sy lied "Ne Me Quitte Pas (1959) – "Moenie Weggaan Nie" in Afrikaans – ry ons weg terwyl ek dink aan 'n getroue maat wat ons verlede week vir oulaas moes groet.

Die trekklavierlegende Ollie Viljoen en die klavier-en-sangsensasie Niël Rademan het Saterdagaand in die Dasjesdrift-teaterhuis buite Heidelberg opgetree met hul vertoning *Boereseun tot Brel*. Niël is 'n boorling van dié dorp. Hy het verlede jaar 'n oorkonde van die Wes-Kaapse regering ontvang vir 'n prominente kultuurbydrae op musiekgebied en sy debuut-CD, *Fisantekraal*, uitgereik. Hy sing ook vanjaar op *Die Burger* se Kers-konsert.

Foto: JACKIE KRUGER

Wilde Willemientjie, 'n walvis, 'n seerower en die maan **is een van die kinderteater-produksies wat by vanjaar se Suidoosterfees te sien gaan wees.** **Foto: VERSKAF**

Vet pret vir kleingoed by vanjaar se kinderteater

Val du Charron - Jaargang 12 uitgawe 107 September 2008
Amanda Kreitzer, P.

VAN BOERESEUN TOT BREL

Niel Rademan en Ollie Viljoen

Van Boereseun tot Brel was 'n aand vol verrassings verpak in vingers wat oor klawers vlieg om ou FAK's te doop in die nuwe millenium vol ritme wat tintel en swiep. Niel Rademan se musiek- en sangtalent het 'n Nico Carstens-tango, 'n Jacques Brel-liefdeslied, maar veral volkswysies, geherinterpreteer, waarvan "Al lê die berge nog so blou" 'n goeie singende voorbeeld was. Saam met die trekklavier-genié, Ollie Viljoen, het hierdie volmaakte kombinasie gaste vereer met vermaak soos lanklaas op Wellington gehoor. Die twee klawerbordinstrumente (klavier en trekklavier) wat saam gegooi is, het ook bewys dat die gaping tussen oud en jonk en tóé en nou volmaak harmoniseer as dit wysie kry. Met Hugenoot en Geus as onderstok vir die Afrikaanse loot, is dit sekerlik ook nie onvanpas om Frans Vlaams en Afrikaans saam as vermaak in 'n pot te gooi om oor 'n uur stadig gaar te stowe vir 'n onvergeetlike aand van luister, ervaar, meevoel en saamvat nie. Niel se vertolking van die ouderdom nadat hy die vorige dag by sy sterwende ouma in die hospitaal was, was hartroerend en eg en deernisvolvasgevang in klank-emosie om nooit weer verlore te gaan nie. 'n Genoeglike aand waar klanke die gehoor en musikante een laat word het deur hulle in te trek totdat almal aan die oomblik en aan mekaar behoort. Op die foto regs bo sit Wim Gericke, Janine Maske, Claire Bernette en Erich Maske.

BURGER – Kuns en Vermaak. 14 April 2008



Tertia Downie en Johann Nel in *Appassionata*.

Uys-stuk delf in kunstenaar se siel

MARIANA MALAN

TONEELSTUK (vir 'n pianis): *Appassionata*, met Johann Nel en Tertia Downie. Geskryf deur Pieter-Dirk Uys. Vertaal deur Adriaan Meyer. Regie en produksie: Niël Rademan. In Aan die Braak-teaterkroeg. Weer op 9 en 10 Mei in die Breytenbach-sentrum, en op 7 Junie in Welgemeend.

DAAR is waarskynlik nie baie aktrises wat Beethoven se Klaviersonate no. 23 in F mineur foutloos sal kan speel nog voordat hulle 'n woord se dialoog kwytgeraak het nie. Sou dit andersom kon werk, het 'n mens gewonder.

Tertia Downie het die formidabele uitdaging aanvaar om beide pianis én karakter in hierdie toneelstuk te wees.

Pieter-Dirk Uys het *Appassionata* oorspronklik vir sy pianissuster, Tessa, geskryf, en sover bekend was sy die enigste persoon nog (in 1982) wat dié rol vertolk het.

Die stuk bekyk die lief en leed van 'n pianis. Eers kry sy jou aan die voete met die prag-vertolking van die sonate. Daar is applous, blomme en die bewondering van die gehoor. Dan verklein die wêreld tot die aantrekkamer; die gehoor tot een mens. Skielik is sy die spreekwoordelike vrou voor die spieël.

Die hartseer van haar persoonlike lewe, die twyfel in haar eie vermoëns en die skerp tong wat die gehoor nooit kasty nie, word blootgelê.

'n Mens kan skaars glo dat Downie nog nooit voorheen toneel gespeel het nie. Van die gepruil tot die geskel word met ewe veel oorgawe gedoen. Sy staan nie terug vir haar gedugte medespeler, die Fleur du Cap-wenner Johann Nel, nie.

Downie sal wel vir groter lokale aan haar projeksie moet werk.

Nel is Dawid, die man in die pianis Maria se lewe. Hy is die skaduwee, die een wat nou reeds te lank moet troos en sy vrou se grille moet verduur. In die nabetragting oor die konsert, borrel sy bitterheid en toekomsplanne uit.

Die vertaler het gesorg dat die twee karakters werklik in gesprek met mekaar is.

Dis 'n diggeweefde teks wat tog wonderlike idiomatiese, soms digterlike en soms platvloerse taal oplewer.

Hoe die teks ook al in Engels gelui het, die Afrikaans is musiek in 'n mens se ore.

Daar word veel gesê oor kunstenaarskap, die liefde en die manier waarop musiek ervaar en geniet moet word. Vir net 'n wyle kry 'n mens egter ook insig in die siel van 'n kunstenaar. En jy besef musiek is nie altyd kos wat liefde voed nie.

Appassionata: 26 jaar later

CANDICE HARTZENBERG

"EK het nog nooit in my lewe toneel gespeel nie. Op 40 is dit lekker."

So sê pianis Tertia Downie oor haar rol in *Appassionata - 'n toneelstuk vir 'n pianis*, vertaal deur Adriaan Meyer, wat ná 26 jaar weer op die planke is.

Appassionata is in 1982 deur Pieter-Dirk Uys vir sy pianis-suster Tessa Uys geskryf. Dit is 'n tragedie-komedie wat voorafgegaan word deur die uitvoering van Beethoven se Opus 57, die *Appassionata*.

Op 11 en 12 April om 19:00 kry Stellenbossers 'n kans om dit by Aan de Braak-teater (R90) te sien. In die eerste 30 minute van *Appassionata* luister die gehoor na Beethoven se sonate. In die tweede helfte is daar 'n dramatiese uitbeelding van die lewe van 'n beroemde pianis.

Downie, wat die laaste 21 jaar klavier onder John Antoniades bestudeer, vertolk die rol van die eksentrieke pianis. Die radio- en verhoogakteur Johann Nel speel haar man. Regisseur Niël Rademan sê: "Dis 'n groot voorreg vir ons om Nel deel van *Appassionata* te hê." Downie stem ook saam. Sy sê: "Ek het dit veel makliker gehad om met iemand soos Johann te werk. "*It made me wanna play up to him*," sê sy laggend.

Tertia Downie en Johann Nel

Beethoven se *Appassionata*-sonate word dikwels as van die mees uitdagende stukke beskryf, so hoekom het Downie ingestem? "Die lewe is te kort om nee te sê. Ek het nie twee keer daaroor gedink nie."

● Twee gelukkige *Eikestadnuus*-lesers kan 'n dubbelkaartjie wen na die vertoning. Skakel 084 444 9238 en sê wie het die *Apassionata*-vertaling gedoen?